

Ontmoeting 6

Samuel as profeet

Kinders besef dat God met hulle praat

Teks: 1 Samuel 3–21

Hulpmiddels:

- h Groot boks as die ark. Steek stokke deur om dit mee te dra en gooi h lap oor.
- Twee komberse vir Eli en Samuel om op te lê
- Lappe of groot T-hemde met toue om die lyf



Welkom

“Steekproef”: Groepleier staan eenkant terwyl die kinders inkom, roep saggies h kind se naam en kyk dan hoe die kind reageer. Doen dit h paar maal en onthou die kinders se reaksies.

Wanneer almal bymekaar is, nadat julle gegroet het, vertel aan die kinders wat jy waargeneem het. Hoe het hulle op die roep van hul name gereageer?

“Deurmekaar Tempel”: Gebruik die name: Eli, Hofni en Pinehas. Elke kind kry een van die drie name. Sit op stoele in h sirkel. Kies iemand om die speletjie te begin en neem een stoel weg. Die kind skree een van die drie name en almal wat die naam het, moet plekke ruil. Intussen moet die “roeper” op een van die stoele probeer kom. So val h ander kind uit wat dan weer kan roep. Vir afwisseling kan “Tempel” geroep word en dan moet almal plekke wissel.



Wyding

Stilwoord-ritueel uit Psalm 23: Laat die kinders kruisbeen sit en hulle oë toemaak. Herhaal 3 keer: “Die Here is by ons.” Sê nou hardop: “Omdat die Here my Herder is, is ek nie bang nie. Hy lei my deur die donker tye en Hy versorg my.”



Woord

Verlede keer het ons gehoor van Samuel. Sy ma het hom geneem om in die tempel groot te word.

Julle sal onthou dat Eli, wat die Hoëpriester was, se seuns ongehoorsaam was en geen respek vir God en die mense gehad het nie.

Verdeel die kinders in die volgende karakters: Samuel, Eli, Hofni, Pinehas, Israëliete, Filistyne en boodskapper. Indien moontlik, drapeer lappe oor die kinders. Groot T-hemde met toue om die lyf sal ook goed werk.

Samuel en Eli lê op komberse in die tempel... Eli eenkant en Samuel naby die ark.

Israëliete sit in h groep aan die een kant van die lokaal en Filistyne aan die ander kant. Hofni, Pinehas en die boodskapper sit by die “Israëliete”.

Na die “geveg” verdeel die Filistyne in 3 kleiner groepies.

Indien jy te min kinders het, kan julle die verhaal uitspeel met stoele, besems, ens. Plak “stickers” op om aan te dui wat die stoele of besems voorstel.

Vertel die verhaal aan die kinders as volg en laat hulle dit uitspeel.

Samuel het saam met Eli in die tempel gewerk. Saans het Samuel in die tempel waar die ark van God was, geslaap. Die ark was die goue boks met die twee engele op waarin God se wet en die manna wat hulle uit die woestyn gebring het, was.

Een nag terwyl hulle slaap, hoor Samuel h stem na hom roep: “Samuel, Samuel!”

Samuel het geantwoord: “Ek kom!” en na Eli gehardloop. Hy het Eli wakker gemaak en gesê: “Hier is ek, want u het my geroep.” Eli sê: “Ek het nie geroep nie; gaan lê maar weer.”

Samuel het weer gaan slaap.

Nie lank nie of die stem roep weer: “Samuel, Samuel!” Samuel het weer opgespring en na Eli toe gegaan.

Eli was verbaas, want hy het nie geroep nie. “Gaan slaap maar weer; ek het jou nie geroep nie.” Samuel het nie geweet dat die Here met hom praat nie. Hy het nog nie vir God so goed geken nie. Toe die Here weer roep: “Samuel, Samuel!” hardloop hy terug na Eli toe.

Hierdie keer het Eli besef dat dit God is wat vir Samuel roep. Daarom sê hy vir Samuel: “Gaan lê en as iemand jou weer roep, sê jy: ‘Praat Here, want u dienaar luister.’”

Samuel het toe gaan lê en die Here het daar kom staan en weer geroep: “Samuel! Samuel!” Hierdie keer het Samuel geantwoord: “Praat Here, want u dienaar luister.”

God het h baie ernstige boodskap vir Samuel gegee. Hy het vir Samuel vertel dat Hy nou vir Eli en sy seuns gaan straf.

Samuel was geskok. Hy was bang om vir Eli te vertel wat God sê. Eli het geroep: “Samuel, my seun!” Samuel gaan na hom toe. “Samuel, as God met jou gepraat het, moet jy dit nie wegsteek nie. Hy is te groot dat jy kan stilbly oor wat Hy sê.”

Samuel het alles vir Eli vertel en Eli het gesê: “Hy is die Here. Laat Hom doen soos Hy wil.”

Baie gou het die Israëliete agtergekom dat die Here met Samuel praat en na hom begin luister. (*Laat die Israëliete nader staan asof hulle na Samuel kom luister.*) Die Here het nog baie met Samuel gepraat en die mense kon sien en hoor dat alles wat hy sê, waar is.

Op h dag het die Israëliete teen die Filistyne gaan oorlog maak. (*Laat die twee groepe na mekaar beweeg.*) Die Filistyne was te sterk vir die Israëliete. Hulle het bang geword en gedink die Here sal hulle laat wen as hulle die ark by hulle het. Hulle het die ark gaan haal. (*Laat twee kinders en Hofni en Pinehas die ark gaan haal.*) Dit was h groot fout. Hofni en Pinehas het ook saam met die ark na die Israëliete se kamp toe gegaan. Almal het hard geskreeu toe hulle die ark sien. Die Filistyne het die geraas gehoor en gewonder oor die lawaai. Hulle het mekaar moed ingepaat: “Wees dapper en veg!”

Hulle veg toe teen mekaar en die Filistyne wen. Die Israëliete het elkeen na sy woonplek toe gevlug. (*Laat hulle teruggaan na hul oorspronklike plek.*) Die Filistyne het die ark gevat. Hofni en Pinehas is in die geveg dood. (*Hulle val neer.*)

Een man het na die tempel toe gehardloop en vir Eli gaan vertel dat sy twee seuns dood is en dat die ark deur die Filistyne gevat is. Van skok het Eli agteroor geval en hy is ook dood. Hy was 98 jaar oud.

(*Verdeel die “Filistyne” in 3 groepe.*) By die eerste groep: Die Filistyne het die ark voor hulle afgod gaan neersit. Toe hulle die volgende oggend daar kom, het die afgod vooroor geval. Hulle het hom regop gesit. Die volgende oggend was hy weer onderstebo en sy kop en sy hande het afgebreek. Die mense van die dorp het ook swere gekry. Hulle neem toe die ark na h ander dorp.

By die tweede groep: Daar het die mense ook swere gekry. Weer stuur hulle die ark weg.

In die derde dorp wou die mense nie die ark daar hê nie. Hulle maak toe planne om die ark terug te stuur. Hulle het goue geskenke gemaak en dit in h kissie saam met die ark op h wa gesit. Hulle het twee koeie voor die wa ingespan en hulle gelos om te loop waarheen hulle wil. Die koeie het reguit na die Israëliete toe geloop. (*Dra die ark na die Israëliete toe.*) Die mense van die dorp was besig om koring te oes en het opgekyk en die ark sien kom. Hulle was baie bly en het vir die Here geoffer.

Stop die uitspeel van die verhaal. Laat die kinders bymekaar sit en gaan dan as volg voort:

Samuel was hulle leier, regter en profeet. Solank as wat hy die leier was, was daar nie weer moeilikheid met die Filistyne nie. Samuel was h baie goeie leier. Hy het altyd die waarheid gepraat en die mense gehelp om hulle probleme op te los. Die Here het gereeld met hom gepraat en hy het altyd geluister.

Maar die mense was nie tevrede nie. Hulle wou h koning hê. Dit het Samuel baie hartseer gemaak, want hy het geweet dit is omdat hulle nie die Here liefhet nie dat hulle h koning wou hê.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoekom Samuel gedink het Eli het hom geroep.
2. Ek wonder wat was vir jou goed en mooi in die verhaal.
3. Ek wonder wat was vir jou belangrik in die verhaal.
4. Ek wonder wie sou jy graag in die verhaal wou wees.

Kom ons bid saam en vra die Here om ons te vergewe dat ons nie altyd gehoorsaam is nie. Vra Hom om ons te help om die regte keuses te maak.



Werskaf

- “Gesigte sonder ore en monde”: Laat die kinders self die monde en ore inteken
- Maak vir “Samuel in sy bedjie”

Teken ore en monde vir hierdie gesigte. Ons moet met ons ore luister en dan met ons monde praat oor God en sy liefde.


Soos Samuel...



sal ek luister en





antwoord as God



met my praat.

**Samuel word
geroep terwyl hy
slaap in sy bed**



**Bed
gedeelte**



**Vou hier toe bo oor Samuel en kleur
agterkant in as kombers**

**Komers
gedeelte**